

# Keuse en kettingreaksie




---

## SABBATMIDDAG

### Leesverwysings vir hierdie week se studie:

Efesiërs 1:1-4; Matteus 22:35-37; Matteus 7:24, 25; Spreuke 18:24; 1 Korintiërs 15:33 en Prediker 2:1-11.

### Geheeteks:

“Maar as dit verkeerd is in julle oë om die Here te dien, kies dan vir julle vandag wie julle wil dien: óf die gode wat julle vaders daar oorkant die Eufraat gedien het, óf die gode van die Amoriete in wie se land julle woon; maar ek en my huis, ons sal die Here dien” (*Josua 24:15, OAB*).

**J**y het seker al agtergekom dat die lewe vol keuses is. Om die waarheid te sê, in ’n sekere opsig bestaan elke dag uit ’n reeks opeenvolgende besluite, vandat jy soggens jou oë oopmaak totdat jy saans inkruip. ’n Mens neem so baie besluite dat jy nie eers notisie daarvan neem nie. Jy doen dit sommer voor die voet. Partymaal is dit maklik om te kies. Die antwoorde kom byna outomaties. Ander besluite het lewensveranderende implikasie en ewige gevolge – en nie net vir die individu nie, maar ook vir die gesin.

Dit is dus van kardinale belang dat ’n mens versigtig kies, veral wanneer dit by die groot besluite kom; die soort wat ’n uitwerking op jou en jou huismense het, wat die individu en die ander gesinslede lewenslank raak. Dink aan jou eie swak keuses, en hoedat die spyt ’n mens soms bybly. Bitter baie mense leef nou nog met die rampspoedige gevolge van jare gelede se verkeerde keuses. Gelukkig is daar iets soos vergifnis. Daar is bevryding en ook genesing. Selfs na die swakste keuses denkbaar. Vandeesweek kyk ons flussies na keuses; hoe ’n mens moet maak om reg te kies, en ook watter uitwerking dit op ons en ons geliefdes kan hê.

*\*Bestudeer hierdie week se les as voorbereiding vir Sabbat, 13 April.*

## Die vermoë om vrylik te kies

Party Christene glo dat God vooraf (d.w.s. voor jou geboorte) besluit het of jy eendag gered gaan word al dan nie. Met ander woorde, dit sê basies dat diegene wat die ewige lewe misloop, verlore sal gaan omdat God volmaakte insig het. Hul ewige ondergang is dus sy keuse, ongeag die besluite wat hulle geneem het. Gelukkig onderskrywe ons as Sewendedag-Adventiste nie die uitverkiesingsleer (soos dit in teologie bekend staan) nie. Inteendeel, ons glo dat verlossing God se keuse vir ieder en elk is, 'n keuse wat Hy reeds voor die grondlegging van die wêreld gemaak het. Dis is vooraf bepaal dat ons deur Christus die ewige lewe as gawe mag ontvang (wat 'n mens dalk, argumentshalwe, die “ware uitverkiesing” kan noem).

**Lees Efesiërs 1:1-4; Titus 1:1, 2; asook 2 Timoteus 1:8, 9. Wat sê hierdie skrifgedeeltes vir ons aangaande God se “ware uitverkiesing” van die mens, en ook wanneer dit gebeur het?**

---

---

Ten spyte van dié goeie tyding is daar steeds mense wat eendag verlore sal gaan (Matt. 25:41). Hoe so? Hoewel God almal tot redding uitverkies het, moet 'n mens in ag neem dat die mens ook oor 'n ander Godgegewe gawe beskik. Dit is kosbaar en heilig: Die vermoë om vrylik te kies.

**Wat leer ons uit Matteus 22:35-37 oor vrye keuse?**

---

---

Die Here dwing ons nie om Hom lief te hê nie. Liefde kan net eg wees as dit vrylik gegee word. 'n Mens kan selfs die sentrale tema van die Bybel soos volg definieer: God wat na die verlore mensdom uitreik en sy pogings om ons harte, sonder enige dwang, te wen. Dat dit wel so is, is duidelik sigbaar in Jesus se aardse lewe en sending. Dit is ook sigbaar in die mense se reaksies op Jesus, reaksies wat op die uitoefening van vrye keuse neerkom – party het tot Hom aangetrokke gevoel, ander wou Hom net uit die weg ruim. Ja, God se ware uitverkiesing is vir die verlossing van die mens. Die uiteindelijke keuse berus egter by ons: Gaan ons daardie verlossing aanvaar of verwerp? Die grootste besluit wat ons ooit sal moet neem, is ongetwyfeld of ons die Here gaan volg al dan nie. Dit het die verrekendste gevolge – vir ons en vir ander (soos ons huismense) wat deur ons lewenswandel en keuses geraak word.

## Hoe om reg te kies

Almal weet hoe belangrik goeie keuses is. Boonop weet ons watter verreikende gevolge die swak soort op ons en ook ander se lewens het. Die vraag is net: Hoe weet 'n mens of jou voorgename keuse goed of swak is?

**Hier is 'n paar basiese stappe, in die vorm van teksverspare, wat 'n mens kan help om reg te kies. Skryf die opeenvolgende stappe neer.**

1. 1 Tess. 5:17, Jak. 1:5

---

2. Jes. 1:19, Matt. 7:24, 25

---

3. Ps. 119:105, 2 Tim. 3:16

---

4. Spr. 3:5, 6; Jes. 58:11

---

5. Spr. 15:22 en 24:6

---

Met elke belangrike besluit moet jy jou tot die Here wend. Dit is van kardinale belang. 'n Mens moet altyd eers seker maak dat jou voorgename keuse nie op een of ander wyse God en sy gebod, of selfs sy Woord, teëgaan nie. As gelowiges moet ons op die Here vertrou, moet ons ons besluite deur Hom laat lei – m.a.w. ons behoort te bid dat ons keuses tot lof en eer van die Here sal wees, en ons moet bereid wees om van alle begeertes af te sien wat strydig met sy lewensplanne vir ons is. Dikwels kan wyse raadgewers 'n mens ook op die regte spoor bring. Uiteindelik, het ons die wonderbare sekerheid dat God ons liefhet en ons welstand op die hart dra; en dat ons wel ons voorgename keuses kan uitoefen as ons in geloof en ootmoed 'n totale oorgawe aan die Here maak.

**Hoe gemaak wanneer 'n mens voor lewensbelangrike besluite te staan kom?  
Watter geestelike stappe doen jy – indien enige – in aanloop tot jou keuse?**

## Die keuse van vriende

Een van die belangrikste keuses wat 'n mens moet maak, is: Met wie wil ek bevriend wees? Tog is dit gewoonlik nie iets waaroor jy vooraf besluit nie. Nee, vriendskappe ontwikkel op 'n natuurlike wyse, soos wat 'n mens tyd deurbring met mense wat dieselfde dinge as jy geniet.

**Let op die volgende teksverse. Watter beginsels oor vriende maak, kan 'n mens daaruit put? Spr. 12:26; 17:17; 18:24 en 22:24, 25.**

---

Spreuke 18:24 sê dat ons vriendelik moet wees as ons ander wil bevriend. Soms is mense eensaam vanweë 'n norse en negatiewe ingesteldheid, 'n houding waarmee hulle ander afstoot. “'n Onaangename karaktertrek kan 'n mens selfs in die lieflikste persoon vind. Bevriend dus mense wat by jou sal bly wanneer jou swakhede uiteindelik aan die lig kom. Wedersydse verdraagsaamheid is wat hier benodig word. Ons behoort mekaar met wedersydse liefde en respek te behandel, ongeag die onmiskenbare foute en karaktergebreke wat ons het – dit is immers die gees wat Christus aan die dag gelê het. Nederigheid en die onttroning van die eie-ek moet ons nastreef, asook 'n tedere geduld met ander se foute. Sodoende sal ons die oogklappe van selfsug afhaal, en 'n gees van ruimhartigheid en onbekrompenheid aankweek” (Ellen G. White, *Pastoral Ministry*, bl. 95).

Een van die bekendste vriendskappe is dié van Dawid en Jonatan. Saul was Jonatan se pa en die destydse koning van Israel. As hy net getrou en gehoorsaam aan God wou bly, sou sy koningshuis geslagte lank gehou het. Jonatan kon die septer by hom oorgeneem het. Toe Saul egter sy roeping in die wind slaan, kies die Here vir Dawid as die volgende koning van Israel. So is Jonatan dan as die regmatige troonopvolger uitgeskakel. Hier het ons 'n uitstekende voorbeeld van die verreikende gevolge wat een gesinslid (Saul) se swak keuses op 'n ander (Jonatan) se lewe gehad het.

Tog was Jonatan nie hatig of jaloers op Dawid nie. Inteendeel, hy beskerm Dawid teen sy eie pa – teen Saul – se woede. “Die siel van Jónatan het aan die siel van Dawid verkleef geraak, en Jónatan het hom liefgekry soos sy eie siel” (*1 Sam. 18:1; OAB, woordorde aangepas*). Wat 'n fantastiese voorbeeld van ware vriendskap!

**“Moet julle nie langer laat mislei nie: ‘Slegte geselskap bederf goeie sedes’” (*1 Kor. 15:33, NAB*). Dink 'n bietjie aan jou eie vriendskappe, miskien ook dié wat opsetlik, of dalk per ongeluk, op seermaak uitgeloop het. Wat was jou belewenisse tot dusver in dié verband? Hoe kan die kies van verkeerde vriende 'n mens se gesinsverhoudinge skaad?**

## Die keuse van 'n lewensmaat

As 'n mens dan versigtig met die kies van vriende moet wees, hoeveel te meer met die kies van 'n lewensmaat. Adam was baie geseënd. God het Hom sy lewensmaat gegee, 'n wese wat boonop uit sy weefsel gevorm is. Vir ons stamvader was dit nie moeilik om te kies nie – Eva was immers die enigste, en boonop die volmaakte, vrou. Vir die res van ons is dit egter heelwat moeiliker, aangesien niemand meer volmaak is nie en omdat ons 'n groter keuse het. God laat ons egter nie in die duister rondtas nie, siende dat die kies van 'n huweliksmaat so 'n gewigtige kwessie is. Benewens die basiese dog belangrike stappe wat ons in Maandag se les bekyk het, is daar bykomende stappe wat ons kan volg, stappe wat spesifiek met die huwelik te doen het (hoewel ons dié moeilike onderwerp in groter detail in Les 6 gaan bekyk). Watter lewenskeuse is meer verregaand as die keuse van 'n huweliksmaat, behalwe natuurlik die besluit om God te dien?

**Watter riglyne kan en behoort 'n mens in jou soeke na die regte huweliksmaat te volg? Dit word in die onderstaande teksverse uitgestippel: Ps. 37:27, 119:97, 1 Kor. 15:33 en Jak. 1:23-25.**

---



---



---

Voordat mens na 'n geskikte huweliksmaat soek, moet jy self eers geskik wees. “Vra julle elke dag af hoe julle wil hê ander mense teenoor julle moet optree. Gaan tree dan eerste so teenoor hulle op. As julle so leef, doen julle alles wat die Bybel van julle vra” (*Matt. 7:12, DB*). Wat help dit jy soek vir 'n lewensmaat met al die regte eienskappe, maar jy self beskik nie oor daardie eienskappe nie. Die gevolge kan nie anders as rampspoedig wees nie.

Tog is die onvolmaakte self se soeke na volmaaktheid in ander so oud soos die berge self. Dié verskynsel is nie net in die huwelik te bespeur nie. 'n Mens sien dit elders ook. Let op Paulus se Sendbrief aan die Romeine. Die inleiding is byna grotendeels 'n vermaning aan gelowiges wat ander vir hul verkeerde dade veroordeel hoewel hulle op presies dieselfde wyse as die skuldiges fouteer. Of soos Jesus dit stel: “En waarom sien jy die splinter in die oog van jou broeder, maar die balk in jou eie oog merk jy nie op nie?” (*Matt. 7:3, OAB*).

**Dink 'n bietjie mooi daarvoor na: Wens jy dikwels dat iemand anders (soos jou lewensmaat) positiewe karaktertrekke moet weerspieël, en dit terwyl jy nie self daarvoor beskik nie?**

## Die keuse van 'n beroep

In een of ander stadium moet 'n mens ook kies wat jy na skool gaan doen, hetsy werk- of loopbaangewys. Die meeste mense moet iets doen om geld te verdien, tensy jy natuurlik ryk genoeg is en nie hoef te werk nie of 'n voltydse tuisteskepper is (wat natuurlik die edelste beroep op aarde is). Almal van ons bevind ons weliswaar in bepaalde omstandighede, omstandighede wat tot 'n mindere of meerdere mate 'n mens se loopbaankeuse beperk. Ten spyte van daardie lewensomstandighede kan ons steeds die soort loopbaan- of werkgerigte keuses maak wat verdere betekenis en doel aan ons lewens kan gee. Ons leef immers met die wete dat ons verlossing in Jesus Christus is. Kortom, ons ganse beroeps- of werkslewe kan tot eer van die Here wees, ongeag watter loopbaan of werk ons kies.

**Watter fout het Salomo begaan, en hoe kan ons teen soortgelyke foute waak? Pred. 2:1-11.**

---



---

'n Mens hoef nie eers skatryk te wees om in dieselfde slagat as Salomo te beland nie. “Geldgierigheid is 'n wortel van allerlei kwaad. Party het geld nagejaag en toe van die geloof afgedwaal; daardeur het hulle hulleself baie ellende op die hals gehaal” (1 Tim. 6:10, NAB). 'n Arm persoon kan net so geldgierig as 'n ryke wees.

Of jy nou 'n spoggerige werk het al dan nie – geld is iets wat ons almal moet verdien – tog hoef 'n mens dit nie te verafgod nie. Kyk net hoe baie pa's al hul gesinne verwaarloos het, en dit vanweë 'n gespook na rykdom! Dink net al aan die ma's en kinders wat liewers met minder tevrede sou wees as om 'n afwesige man en pa te hê. Die meeste sou sê: Die geld is niks nie, solank ek net my pa of my man het.

Werk is al sedert die skepping deel van God se plan vir die mens (Gen. 2:15). Wanneer dit egter al is wat saak maak of as dit vir pure selfverryking ingespan word, word dit afbrekend. Dit was Salomo se groot fout. Hy het gemeen dat sy menigte bouprojekte uiteindelik betekenis aan die lewe sou gee. Hoewel hy tot 'n mate satisfaksie daaruit geput het, kom hy later tot ander insigte: Al hierdie dinge is nutteloos.

**“Ek wens ek was meer op kantoor en minder by die gesin – hoeveel mense dink so in hul sterwensuur?” So het iemand eenmaal gevra. Wat leer 'n mens daaruit?**

## Vir verdere studie:

Met die lees van die Bybel word die leser deurgaans voor die werklikheid van vrye keuse te staan gebring. Selfs voor die sondeval het Adam en Eva die vermoë gehad om te kies (*Gen. 3*). Ongelukkig het hulle verkeerd gekies. As ongevalle, volmaakte wesens dan die gawe van vrye keuse kon misbruik, hoeveel te meer ons wat in die sonde verhard is? Hou ook in gedagte dat vrye keuse – soos die benaming tereg aandui – vry is. Dit beteken dat ons nie swak keuses hoef te maak nie, ongeag die druk waaronder ons verkeer, en ongeag of dit van binne of van buite kom. Danksy die krag van die influisterende Gees kan ons ons Godgegewe vermoë om te kies, reg gebruik. Duidelik is dit belangrik dat ons al ons voorgename besluite versigtig moet oorweeg, en veral moet dink aan die uitwerking wat dit op ons huismense en ook ander familieledede gaan hê. Kain se vrye-keuse-besluit om sy broer om die lewe te bring, het rampspoedige gevolge vir Adam en sy gesinnetjie gehad. Die vrye-keuse-besluit van Josef se broers om hom as slaaf te verkoop, het Jakob gebreek. “Israel het dit herken en gesê: ‘Dit is my seun se klere.’ ’n Roofdier het hom opgevrete. Josef is opgevrete!’ Jakob het sy klere geskeur en rouklere aangetrek. Hy het lank oor sy seun getreur. Al sy kinders het vir Jakob probeer troos, maar hy wou hom nie laat troos nie. Hy het gesê: ‘Ek sal bly treur oor my seun tot ek by hom in die dood is’” (*Gen. 37:33-35, NAB*). ’n Mens sien dit oral in die Skrif en selfs in die alledaagse lewe, van mense wie se vrye-keuse-besluite ’n uitwerking – hetsy ten goede of ten kwade – op die mense om hulle gehad het. Let byvoorbeeld op die keuses van Korag, Datan en Abiram (*Num. 16:1-32; lees ook Dan. 6:23, 24; Gen. 18:19*).

## Vrae vir bespreking:

1. Dink aan ’n paar van die vrye-keuse-besluite wat jy al vandag moes maak? Wat sê daardie keuses vir jou oor jouself, asook die aard van die band tussen jou en God, en dié tussen jou en jou medemens? In watter van daardie gevalle, indien enige, moes jy liewers anders gekies het?
2. Watter bybelfigure het swak keuses gemaak, en wat kan ons daaruit leer? Hoe het daardie persone se swak keuses ’n negatiewe uitwerking op hul huisgenote gehad?
3. Ons het almal maar spyt oor die swak besluite van die verlede. Hoekom is die evangelie so vertroostend wanneer die spyt uiteindelik kom? Aan watter bybelbeloftes klou jy vas wanneer skuldgevoelens oor swak besluite jou oorval en angstig maak?
4. Die soeke na ’n trouman of -vrou is ’n gewigtige kwessie. Gestel iemand kom vra raad by jou in dié verband. Hoe gaan jy, met behulp van bepaalde bybelbeginsels, hom of haar rig?